# ASEM — Laat U naam geheilig word

## 1. Ons het aanbidding verklein

Sang is aanbidding, maar aanbidding is nie net dit nie.
Die vraag is nie “Het ek iets gevoel?” of “Was die band goed?” nie, maar:
**“Was God geëer?”**

## 2. “Laat U Naam geheilig word”

In die Bybelse tyd het ’n naam iemand se karakter, identiteit en reputasie verteenwoordig.
Wanneer Jesus ons leer bid “Laat U Naam geheilig word,” is die gebed eintlik:
“Here, laat mense sien wie U is. Laat U karakter geëer word. Laat U heiligheid erken word. Laat U heerlikheid eerste wees.”

## 3. Ons natuurlike begeerte

Ons wil almal hê mense moet ons raaksien, respekteer en bewonder. Die wêreld sê: “Maak jou naam groot.”
Jesus sê die teenoorgestelde: “Laat **U** Naam geheilig word.”
Ware aanbidding vra nie “Hoe groot kan ek word?” nie, maar “Hoe groot moet God in my lewe word?”

## 4. Hy moet meer word

Johannes 3:30 is die hart van aanbidding: “Hy moet meer word en ek minder.”
Wanneer ek bid: “Here, dit gaan nie meer oor my nie – dit gaan oor U,” gebeur ware aanbidding.

## 5. Ware vs. valse aanbidding

Jesus praat van “egte” (ware) aanbidders – dit beteken daar is ook valse aanbidding.
Jy kan elke Sondag in die kerk wees, die regte woorde sê, en steeds die hart mis.
Aanbidding gaan nie net oor wat jou mond doen nie, maar waar jou hart se fokus is.

## 6. Gee jou hele lewe

Romeine 12:1 – gee jouself as ’n lewende en heilige offer.
Ware aanbidding is wanneer my woorde en my lewe in dieselfde rigting beweeg.
Gee jou werk, huwelik, kinders, geld, tyd, gedagtes, besluite, toekoms, drome én jou pyn.

## 7. Jesus maak die deur oop

By die put (Johannes 4) praat Jesus met ’n gebroke vrou oor die Vader.
Deur die kruis het Hy die weg na die Vader oopgemaak. Ons aanbid nie om guns te verdien nie – ons aanbid omdat ons reeds genade ontvang het.

## Praktiese aanbidding

1. ***Gehoorsaamheid***
   "God, omdat U dit sê, gaan ek dit doen."
   (Eerlikheid, ophou skinder, vrygewigheid, liefhê van moeilike mense)

2. ***In jou werk***
   Kolossense 3:23 – doen alles asof vir die Here.
   Vra: "As Jesus my baas was, sou ek anders werk?"

3. ***In die gewone dinge***
   Vra deurgaans: "God, hoe kan ek U in hierdie oomblik eer?"
   Gewone oomblikke word dan heilige oomblikke.

4. ***Deur jou woorde***
   Bring my woorde lewe, genesing en mense nader aan Jesus?